Son sak ná 34 jaar vir Sonskyn Kafee

PNIËL. – Die einde van 'n era het Sondag 31 Augustus in Pniël aangebreek toe een van die dorp se gunsteling-ondernemings, Sonskyn Kafee, sy deure ná 34 jaar gesluit het.

Marie en William Williams, eienaars van Sonskyn Kafee, het in 1985 die winkel geopen nadat hulle hul woonplek vir hierdie doel ingerig het. Die stoorkamer was eens hul kombuis en die winkel hul sitkamer.

"Die opening was fantasties. Baie mense het daarvan gehou om 'n winkel hier rond te hê. Daai tyd was daar baie min winkels in Pniël," sê William.

"Ons het dit van niks af gebou. Ons het nie geweet of dit 'n sukses gaan wees nie, maar hier was 'n be-oefte aan 'n kafee in hier-e omgewing. Daar was oeilike jare. Dit was nie altyd maklik nie, maar 'n mens moet net deurdruk," het Marie gesê.

Een van die laagtepunte vir Marie en William oor die jare was die dood van Alfie en James Muller wat albei in die jaar 2000 in

Sonskyn Kafee se deure is op Sondag 31 Augustus finaal gesluit. Foto's: ELMARINE ANTHONY, EIKESTADNUUS

William Williams vir oulaas agter die toonbank.

rooftogte in hul winkel, Muller General Dealer, doodgeskiet is. "Dit was 'n laagtepunt vir die dorp en veral vir ons wat sakeondernemings het."

Daar is 'n paar faktore wat aanleiding gegee het dat hulle ná 34 jaar besluit het om toe te maak.

Hulle wou hê hul kinders, Tania, Maré, Warren en Wayne, moet die onderneming oorneem, maar hulle het almal hul eie loopbane. Om 'n sakeonderneming te bedryf is ook duurder weens stygende water- en elektrisiteitskoste. "Dinge het baie verander. Sake oor die algemeen het afgeneem. Daar is egter baie kliënte wat nie wil hê ons moet toemaak nie," sê William.

Hulle het ook net gevoel die tyd het aangebreek, vertel Marie.

"Daar is 'n tyd vir alles. Ons het besluit om dit te doen terwyl ons nog die krag en gesondheid het. Hy (William) word volgende jaar 70. Ons het altyd gesê wanneer hy 70 word, gaan ons toemaak."

– **Elmarine Anthony** (Eikestadnuus)

'Daar spring toe 'n kat uit...'

STRAND. – Hulle sê 'n kat het nege lewens en in die geval van Thomas, die kat, is dit gewis die geval.

Dié kalant het op Woensdag 14 Augustus 'n rit in die enjinkompartement van 'n motor oorleef nadat hy vermoedelik daar skuiling gesoek het.

"Ons voer twee rondloperkatte by my werk in Gantssentrum, Strand. Hier is dus altyd 'n bakkie kos vir hulle. Ek vermoed dat hy honger was en die kos geruik het. Omdat hier baie beweging is, het hy moontlik geskrik en in die enjinkompartement van my motor gekruip," sê Lelanie Loftie-Eaton.

Toe sy later die middag by die huis stilhou, was haar twee honde dadelik al snuffelend by die motor.

"Ek en my seun, Johnathan, maak toe nogal 'n grap en sê dalk is daar 'n rot of 'n kat in die motor. Ek meen, 'n mens hoor van sulke goed, maar dink nooit dit kan met jou gebeur nie."

Johnathan het die enjinkap oopgemaak en die volgende oomblik het 'n kat uitgespring en onder haar man se motor skuiling gesoek.

"Ons het eers soos afkophoenders rondgehardloop om die honde binne te kry en seker te maak die kat hardloop nie weg nie. Toe was ons vreeslik bekommerd dat hy seergekry het."

Nicola Bryant en Thomas.

Thomas sterk nog aan in die EberVet Pet Clinic in die Strand.

Sy het dadelik die vroue van The Outreach Program (Top) op WhatsApp gekontak en Nicola Bryant was die naaste. "Sy het dadelik gekom en hom gevang. Ek is 'n groot ondersteuner van Top, daarom het ek hulle geskakel."

Die kat het brandwonde opgedoen en sy stert is beseer.

"Alle eer aan Nicola. Sy het dadelik gehelp en die kat huis toe gevat, ondersoek, skoongemaak en gevoer. Hy is nou by EberVet Pet Clinic in die Strand waar sy werk. Nicola het die kat Thomas gedoop."

Loftie-Eaton het Dinsdag laat weet dat Thomas steeds aansterk en dat hy elke dag beter word.

Sy vermoed dat Thomas se eienaars dalk na hom soek. "Hy is nie wild of 'n rondloper nie. Hy is 'n ongelooflik liefdevolle kat." – **Riata Nel** (Distrikspos)

Metro slaan vure dood

KAAPSTAD. – 'n Krisis dreig in die Kaapse metro as brandbestryders wat aan die South African Municipal Workers' Union (Samwu) behoort hul dreigement gaan uitvoer om vanaf 1 Oktober net tydens kantoorure te werk.

Die stad is einde verlede maand per brief hiervan ingelig. Samwu beweer die brandbestryders word nie behoorlik vir oortyd betaal nie.

Richard Bosman, besturende direkteur vir veiligheid en sekerheid van die metro, het bevestig die brief is ontvang en die stad sal daarop reageer. Hy het inwoners verseker dat dienste gelewer sal word. – **Esmé Erasmus** (Tygerburger)

Man kul vrou uit duisende

DURBANVILLE. – 'n Tikkie romanse op 'n webwerf vir eensames het 'n 76-jarige vrou van Durbanville duur te staan gekom – om presies te wees R108 480 duur.

Volgens kapt. Marchell Rhode, woordvoerder van die Durbanville-polisie, het die vrou die geld oorbetaal in die rekenings van iemand wat sy op die webwerf ontmoet het.

"Die man het vir die vrou gesê hy moet 'n galblaasoperasie in Parys, Frankryk, ondergaan. Hy het haar toe vir geld gevra, waarna sy toe die geld in twee bankrekenings oorbetaal het. Nadat die geld oorbetaal is, het die man verdwyn."

Volgens die slagoffer het die man beweer hy is 'n geoloog in Sandton. "Ek kan nie glo ek is gevang nie. Hy wou selfs trou." – **Esmé Erasmus** (Tygerburger)

Bier lei glo tot skietery

ONGEGUND. – 'n Man (26) van hier is verlede Sondag omstreeks 03:30 in die been gewond nadat hy na bewering sy bier op 'n onbekende man se voertuig gesit het om 'n vrou in die verbygaan te groet. Verskele skote is glo uit woede afgevuur, waarop die slagoffer gewond is. Alle leidrade word opgevolg om die verdagte voor die hof te bring. – **Weslander**

'Vrykoopgeld' rol in vir swaksiendes

ASD (Association of the Sensory Disabled) in Worcester het vanjaar in sy jaarlikse Jailbreak-geldinsamelingsprojek nagenoeg R140 000 ingesamel vir projekte wat deur die jaar aangepak is. Altesaam 18 deelnemers het hulle vanjaar agter tralies bevind en moes talle kontakte bel om geld vir hul vrylating in te samel.

Foto: KEN MCINTYRE, STANDARD

VOORGESTELDE SLUITING EN VERKOOP VAN DIE RAAD SE ONROERENDE EIENDOMME

Ooreenkomstig artikel 4 van die Verordening oor die Bestuur en Administrasie van die Stad Kaapstad se Onroerende Eiendom (afgekondig op 11 Desember 2015), die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (op 26 Augustus 2010 deur die Raad aangeneem - C54/08/10), artikel 11.5 en hoofstuk 2 van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (2008), oorweeg die Stad Kaapstad die sluiting en verkoop van die onderstaande eiendomme in Stadsbesit. Dit is nie 'n tenderadvertensie nie.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 7 September 2019 tot 7 Oktober 2019 kommentaar, insette of aanbevelings aan die munisipaliteit te rig.

SLUITING EN VERKOOP							
Gebied	**Erf-/ plaas-nommer**	**Grootte (±m²)**	**Straat**	**Voorstad**	**Geraamde markwaarde (BTW uitgesluit)**	**Huidige sonering**	**Stadsamptenaar**
Durbanville	4 385	±1540	Kapenhoekweg 6A	Durbanville	R2 000 000	Openbare oop ruimte 2	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Kuilsrivier	16 269	±2346	Carrickstraat 23	Kuilsrivier	R1 000 000	Verdeelde sonering: beperkte gebruik en vervoer 2	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977

Inligtingsverklaring ingevolge hoofstuk 2, regulasie 5 van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (MATR) (R.878) (2008):

i. **Die waardasie van die kapitaalbates wat oorgedra of vervreem word en die waardasiemetode om daardie waardasie te bepaal;**
Die geraamde markwaarde wat deur eiendomsbestuur se waardasie-tak uitgevoer is op grond van vergelykbare verkope, raam die markwaarde van die betrokke eiendomme soos in die bostaande tabel uiteengesit, wat teen 'n markverwante koers styg.

ii. **Redes vir die voorgestelde oordrag of vervreemding van die kapitaalbates;**
Die Stad se interne dienstedepartemente het bevestig dat die eiendomme nie in die toekoms vir die voorsiening van die minimum vlak basiese munisipale dienste benodig word nie.

iii. **Enige verwagte voordeel vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding kan voortspruit;**
Die Stad sal onderbenutte bates na belastingbetalende eiendomme omskakel en ekonomiese groei en beter benutting moontlik maak.

iv. **Enige verwagte opbrengs vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding kan voortspruit;**
Daar word verwag dat die Stad 'n opbrengs in die vorm van 'n markverwante verkoopprys en toekomstige inkomste uit eiendomsbelasting sal ontvang.

v. **Enige verwagte wins of verlies vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding sal voortspruit;**
Die normale koste van die advertering sal deur die Stad aangegaan word. Die koper sal vir die oordragkoste verantwoordelik wees.

Nadere besonderhede hieroor kan verkry word gedurende normale kantoorure op weeksdae (08:00 - 16:00) op die 13e verdieping, eiendomsbestuur, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, slegs volgens afspraak.

Kommentaar, insette of aanbevelings oor die voorgestelde sluiting en verkoop van die Raad se onroerende eiendomme kan per e-pos na die betrokke Stadsamptenare in die bostaande tabel ingedien word of:

- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Per pos: Eiendomsbestuur, 13de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak die volgende persone:

Vir algemene openbare deelname:
Anathi Dywili by 021 400 9825 of anathi.dywili@capetown.gov.za

Rig navrae aan die betrokke amptenaar in die bostaande tabel.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA127/2019

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

VOORGESTELDE SLUITING EN VERKOOP VAN DIE RAAD SE ONROERENDE EIENDOMME

Ooreenkomstig item 11.5 van die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (op 26 Augustus 2010 deur die Raad aangeneem - C54/08/10), en hoofstuk 2 van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (2008), oorweeg die Stad Kaapstad die verkoop van die onderstaande eiendomme in Stadsbesit. Dit is nie 'n tenderadvertensie nie.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 7 September 2019 tot 7 Oktober 2019 kommentaar, insette of aanbevelings aan die munisipaliteit te rig.

VERKOOP							
Gebied	**Erf-/ plaas-nommer**	**Grootte (±m²)**	**Straat**	**Voorstad**	**Geraamde markwaarde (BTW uitgesluit)**	**Huidige sonering**	**Stadsamptenaar**
Windsor Estate	7018	±510	Mildredstraat 2	Kraaifontein	R500 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Windsor Estate	7019	±527	Mildredstraat 4	Kraaifontein	R500 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Windsor Estate	7020	±525	Mildredstraat 6	Kraaifontein	R500 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Windsor Estate	7021	±525	Mildredstraat 8	Kraaifontein	R500 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Windsor Estate	8338	±525	Mildredstraat 10	Kraaifontein	R500 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Ocean View	2014	±305	Adonisweg 21	Ocean View	R175 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Ocean View	1972	±284	Keatingweg 18	Ocean View	R175 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Parow	6854	±592	1ste Laan, Parowweg	Parow	R550 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Parow	9602	±478	Parowweg 148	Parow	R550 000	Algemene sake 4	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Milnerton	12339	±2248	Porterfieldweg 75	Blouberg Rise	R3 750 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977
Brackenfell	3287	±348	Conradiestraat 2A	Morgenster Heights	R450 000	Enkelresidensieel 1	Jason Drummer jason.drummer@capetown.gov.za 021 400 1977

Inligtingsverklaring ingevolge regulasie 5(1)(b) van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (MATR) (R.878((2008):

I. **Die waardasie van die kapitaalbates wat oorgedra of vervreem word en die waardasiemetode gebruik om daardie waardasie te bepaal;**
Die geraamde markwaarde wat deur eiendomsbestuur se waardasie-tak uitgevoer is op grond van vergelykbare verkope raam die markwaarde van die betrokke eiendomme soos in die tabel hierbo uiteengesit, wat teen 'n markverwante koers styg.

II. **Redes vir die voorgestelde oordrag of vervreemding van die kapitaalbates;**
Die Stad se interne dienstedepartemente het bevestig dat die eiendomme nie in die toekoms vir die voorsiening van die minimum vlak basiese munisipale dienste benodig word nie.

III. **Enige verwagte voordele vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding kan voortspruit;**
Die Stad sal ongebruikte grond na belastingbetalende eiendomme omskakel. Die Stad sal ekonomiese groei en hoër-intensiteitgebruik van 'n onbenutte perseel moontlik maak.

IV. **Enige verwagte opbrengs vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding kan voortspruit;**
Daar word verwag dat die Stad 'n opbrengs in die vorm van 'n markverwante verkoopprys en toekomstige inkomste uit eiendomsbelasting sal ontvang.

Enige verwagte wins of verlies vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of vervreemding sal voortspruit:

- Die normale koste van die advertering sal deur die Stad aangegaan word. Die koper sal vir die oordragkoste verantwoordelik wees.
- Nadere besonderhede hieroor kan verkry word gedurende normale kantoorure op weeksdae (08:00 - 16:00) op die 13de verdieping, eiendomsbestuur, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, slegs volgens afspraak.

Kommentaar, insette of aanbevelings oor die voorgestelde verkoop van die Raad se onroerende eiendomme kan per e-pos by die betrokke Stadsamptenare in die bostaande tabel ingedien word of:

- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursaywww.capetown.gov.za/haveyoursay;
- Eiendomsbestuur, 13de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak die volgende persone:

Vir algemene openbare deelname:
Anathi Dywili by 021 400 9825 of anathi.dywili@capetown.gov.za

Rig navrae aan die betrokke amptenaar in die bostaande tabel.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER

CITY OF CAPE TOWN